Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

EK WIL VIR JOU

Musiek: Christa Steyn
Teks: Christa Steyn

Jy met jou drome en gedagtes in jou oë
Jy met jou vrede wat in elkeen hoop en glo
jy met jou deernis, jou geduld en jou verstaan
jy wat alleen jou seer wil dra

Ek wil vir jou somer wees en stilte gee
Ek wil vir jou die son gaan haal – die wind, die see
Ek wil so graag my self vir jou gee
Ek wil vir jou somer wees en stilte gee
Ek wil vir jou die son gaan haal – die wind, die see
Ek wil so graag my self vir jou gee

Jy met jou woorde en gebede in jou hart
Jy met jou vreugde so in oorvloed uit jou hart
Jy met jou wysheid, jou geloof in elke dag
Jy met die seer agter jou lag

Ek wil vir jou somer wees en stilte gee
Ek wil vir jou die son gaan haal – die wind, die see
Ek wil so graag my self vir jou gee
Ek wil vir jou somer wees en stilte gee
Ek wil vir jou die son gaan haal – die wind, die see
Ek wil so graag my self vir jou gee